


Copy

**THE PROVINCE OF
GAUTENG**



**DIE PROVINSIE
GAUTENG**

Provincial Gazette Extraordinary Buitengewone Provinsiale Koerant

Selling price • Verkoopprys: **R2,50**
Other countries • Buitelands: **R3,25**


Vol. 9

PRETORIA, 10 SEPTEMBER 2003

No. 369

We all have the power to prevent AIDS

AIDS
affects
us all



A
new
struggle

**AIDS
HELPLINE**

0800 012 322

DEPARTMENT OF HEALTH

Prevention is the cure



9771682452005

03369

CONTENTS • INHOUD

<i>No.</i>	<i>Page No.</i>	<i>Gazette No.</i>
LOCAL AUTHORITY NOTICES		
1760 Town-planning and Townships Ordinance (15/1986): Ekurhuleni Metropolitan Municipality: Declaration as approved township: Hughes Extension 44	3	369
1761 do.: do.: Boksburg Amendment Scheme 1022	7	369

LOCAL AUTHORITY NOTICES

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1760

EKURHULENI METROPOLITAN MUNICIPALITY PROPOSED HUGHES EXTENSION 44 TOWNSHIP

DECLARATION AS APPROVED TOWNSHIP

In terms of the provisions of section 103(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, the Ekurhuleni Metropolitan Municipality hereby declares Hughes Extension 44 township (situated on the Remaining Extent of Portion 106 (a portion of Portion 5) of the farm Driefontein 85 IR) to be an approved township subject to the conditions set out in the schedule hereto.

SCHEDULE

CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY OVON TRUST IN TERMS OF THE PROVISIONS OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986 (ORDINANCE NO 15 OF 1986) FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON THE REMAINING EXTENT OF PORTION 106 (A PORTION OF PORTION 5) OF THE FARM DRIEFONTEIN 85 IR, GAUTENG, HAS BEEN APPROVED.

1. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT

1.1 NAME

The name of the township shall be Hughes Extension 44.

1.2 DESIGN

The township shall consist of the erven and the street as indicated on General Plan S.G. No 7008/2001.

1.3 DISPOSAL OF EXISTING CONDITIONS OF TITLE

All erven shall be subject to existing conditions of title and servitudes, if any, including the reservation of rights to minerals.

1.4 DEMOLITION OF BUILDINGS AND STRUCTURES

The township owner shall at its own expense cause all existing buildings and structures situated within the building line reserves, side spaces or over common boundaries to be demolished to the satisfaction of the local authority, within a period of six (6) months from the date of publication of this notice.

1.5 REMOVAL OR REPLACEMENT OF MUNICIPAL SERVICES

If, by reason of the establishment of the township, it become necessary to remove or replace any existing municipal services, the cost thereof shall be borne by the township owner.

1.6 OBLIGATIONS IN REGARD TO ENGINEERING SERVICES

The township owner shall within such period as the local authority may determine, fulfil its obligations in respect of the provision and the installation of engineering services, as previously agreed upon between the township owner and the local authority.

1.7 ENDOWMENT

The township owners shall, in terms of section 98(2) and (3) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, pay to the local authority an endowment of R67 318,20 (VAT Incl)

which amount shall be used by the local authority for the construction of streets and/or storm-water drainage system in or for the township.

Such endowment is payable in terms of the provisions of section 81 read with section 95 of the said Ordinance.

1.8 ACCESS

- (a) No ingress from Road K105 to the township and no egress from the township to Road K105 shall be allowed.

2. CONDITIONS OF TITLE

All erven shall be subject to the following conditions imposed by the local authority in terms of the provisions of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986.

2.1 ALL ERVEN

- (a) The erf is subject to a servitude, 2 m wide, in favour of the local authority, for sewerage and other municipal purposes, along any two boundaries other than a street boundary and in the case of a panhandle erf, an additional servitude for municipal purposes 2m wide across the access portion of the erf, when required by the local authority. Provided that the local authority may dispense with any such servitude.
- (b) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area, and no large rooted trees shall be planted within the area of such servitude, or within 2m thereof.
- (c) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works as it, in its discretion, may deem necessary, and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

2.2 ERF 315

The erf is subject to a servitude for an electrical substation purposes in favour of the local authority as shown on the general plan.

PAUL MAVI MASEKO
CIVIC CENTRE,
10 SEPTEMBER 2003
NOTICE NO. 140 /2003
14/19/3/H1/44 (TN)

CITY MANAGER
BOKSBURG

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1760**EKURHULENI METROPOLITAANSE MUNISIPALITEIT**
VOORGESTELDE DORP HUGHES UITBREIDING 44**VERKLARING TOT GOEDGEKEURDE DORP**

Ingevolge die bepalings van artikel 103(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, verklaar die Ekurhuleni Metropolitaanse Munisipaliteit hierby die dorp Hughes Uitbreiding 44, geleë op die Restant van Gedeelte 106 ('n gedeelte van Gedeelte 5) van die plaas Driefontein 85 IR, tot 'n goedgekeurde dorp, onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in die bygaande bylae.

BYLAE

VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GEDOEN DEUR OVON TRUST, INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986 (ORDONNANSIE 15 VAN 1986) OM TOESTEMMING OM 'N DORP OP DIE RESTANT VAN GEDEELTE 106 ('N GEDEELTE VAN GEDEELTE 5) VAN DIE PLAAS DRIEFONTEIN 85 IR, GAUTENG, TE STIG, TOEGESTAAN IS

1. STIGTINGSVOORWAARDES**1.1 NAAM**

Die naam van die dorp is Hughes Uitbreiding 44.

1.2 ONTWERP

Die dorp bestaan uit die erwe en die straat soos aangedui op Algemene Plan S.G. Nr 7008/2001.

1.3 BESKIKKING OOR BESTAANDE TITELVOORWAARDES

Alle erwe sal onderworpe gemaak word aan bestaande titelvoorwaardes en serwitute, indien enige, met inbegrip van die voorbehoud van die regte op minerale.

1.4 SLOPING VAN GEBOUE EN STRUKTURE

Die dorpseienaar moet op eie koste alle bestaande geboue en strukture wat binne boulynreserves, kantruimtes of oor gemeenskaplike grense gelee is, tot bevrediging van die plaaslike bestuur sloop, binne 'n tydperk van ses (6) maande vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing.

1.5 VERWYDERING OF VERVANGING VAN MUNISIPALE DIENSTE

Indien dit, as gevolg van die stigting van die dorp nodig word om enige bestaande munisipale dienste te verwyder of te vervang, moet die koste daarvan deur die dorpseienaar gedra word.

1.6 VERPLIGTING MET BETREKKING TOT INGENIEURSDIENSTE

Die dorpseienaar moet, binne sodanige tydperk as wat die plaaslike bestuur mag bepaal, sy verpligtinge met betrekking tot die voorsiening en installering van ingenieursdienste soos voorheen ooreengekom tussen die dorpseienaar en die plaaslike bestuur, nakom.

1.7 BEGIFTIGING

Die dorpsreienaar moet ingevolge die bepalings van artikel 98(2) en (3) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 as begiftiging aan die plaaslike bestuur die bedrag van R67 318,20 (BTW Ingesluit) betaal:-
welke bedrag deur die plaaslike bestuur aangewend moet word vir die bou van paaie en/of stormwaterdreineringsstelsels in of vir die dorp.

Sodanige begiftiging is betaalbaar ooreenkomstig die bepalings van artikel 81 gelees met artikel 95 van die gemelde ordonnansie.

1.8 TOEGANG

Geen ingang vanaf Pad K105 na die dorp, en geen uitgang na Pad K105 vanaf die dorp sal toegelaat word nie.

2. TITELVOORWAARDES

Alle erwe is onderworpe aan die volgende voorwaardes opgelê deur die plaaslike bestuur ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986:-

2.1 ALLE ERWE

- (a) Die erf is onderworpe aan 'n serwituut, 2m breed, vir riolering en ander munisipale doeleindes, ten gunste van die plaaslike bestuur, langs enige twee grense, uitgesonderd 'n straatgrens en in die geval van 'n pypsteelerf, 'n addisionele serwituut vir munisipale doeleindes, 2m breed oor die toegangsgedeelte van die erf, indien en wanneer verlang deur die plaaslike bestuur. Met dien verstande dat die plaaslike bestuur van enige sodanige serwituut mag afsien.
- (b) Geen geboue of ander struktuur mag binne die voormelde serwituutgebied opgerig word nie, en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut, of binne 'n afstand van 2m daarvan, geplant word nie.
- (c) Die plaaslike bestuur is geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke wat hy volgens goeddunke noodsaaklik ag, tydelik te plaas op die grond wat aan die voormelde serwituut grens en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot gemelde grond vir die voormelde doel, onderworpe daaraan dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke veroorsaak word.

2.2 ERF 315

- (a) Die erf is onderworpe aan 'n serwituut vir elektriese substasie doeleindes, ten gunste van die plaaslike bestuur, soos aangedui op die algemene plan.

PAUL MAVI MASEKO
BURGERSENTRUM,
10 SEPTEMBER 2003

STADSBESTUURDER
BOKSBURG

KENNISGEWING NR. 140 /2003
14/19/3/H1/44(TN)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1761

EKURHULENI METROPOLITAN MUNICIPALITY
BOKSBURG AMENDMENT SCHEME 1022

The Ekurhuleni Metropolitan Municipality hereby in terms of the provisions of section 125 (1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, declares that it has adopted an amendment scheme being an amendment of the Boksburg Town Planning Scheme, 1991 relating to the land included in Hughes Extension 44 Township.

A copy of the said town-planning scheme as adopted is open for inspection at all reasonable times at the office of the Executive Director: Development Planning, Civic Centre, Boksburg and the office of the Head of Department, Department Development Planning and Local Government, Gauteng Provincial Government, Johannesburg. The said amendment scheme is known as Boksburg Amendment Scheme 1022.

PAUL MAVI MASEKO, CITY MANAGER, Civic Centre, Boksburg
 10 September 2003 Notice No 140/2003 14/19/3/H1/44(TN)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1761

EKURHULENI METROPOLITAANSE MUNISIPALITEIT
BOKSBURG-WYSIGINGSKEMA 1022

Die Ekurhuleni Metropolitaanse Munisipaliteit verklaar hiermee ingevolge die bepalings van artikel 125 (1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, dat dit 'n wysiging van die Boksburg Dorpsbeplanningskema, 1991 wat betrekking het op die grond ingesluit in die dorp Hughes Uitbreiding 44 aanvaar het.

'n Afskrif van die gemelde dorpsbeplanningskema soos aanvaar, lê te alle redelike tye ter insae in die kantoor van die Uitvoerende Direkteur: Stedelike Ontwikkeling, Burgersentrum, Boksburg en die kantoor van die Hoof van die Departement, Departement Ontwikkelingsbeplanning en Plaaslike Regering, Gauteng Provinsiale Regering, Johannesburg. Die gemelde wysigingskema staan bekend as Boksburg-wysigingskema 1022.

PAUL MQESHI MASEKO, STADSBESTUURDER, Burgersentrum Boksburg
 10 September 2003. Kennisgewing Nr 140/2002 14/19/3/H1/44 (TN)

